

Woensdag 15 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 28 – 31

Fokusgedeelte: 1 Samuel 28:6; 29:6; 30:8; 31:6

Waar die menslike konings misluk, gee God die volmaakte koningskap van Christus

Dit waarteen Samuel die volk gewaarsku het, het toe gebeur. In 1 Samuel 8 het die volk vir 'n aardse koning gevra. Hulle was nie meer tevrede met God as Koning in hulle lewens nie. Ons lees die Here se reaksie op hulle versoek: *Hulle het jou nie verwerp nie; hulle het My verwerp as koning oor hulle.*

In gister se dagstukkie het ons gefokus op die G(g)esalfde van die Here. Die gesalfde van die Here (Saul) het klaaglik misluk. Hierdie deel van die geskiedenis eindig op 'n baie droewige noot. Die volk het die Here verwerp, Saul het die Here verwerp, daarom het die Here hom verwerp. Ons sien baie duidelik dat geen mens God se plek kan inneem nie.

Hoe ver Saul al van die Here afgedwaal het, sien ons in die feit dat hy 'n dodebesweerster geraadpleeg het toe hy in die nood was. Hy het hom vanweë sy ongehoorsaamheid van die Here vervreem. Daarom het die Here hom nie geantwoord nie. Hierdie besoek aan die waarsegster was die laagtepunt in Saul se lewe. Dit sou ook sy doosvonnissen en einde van sy koningskap bevestig. Aan die begin van sy koningskap was hy vervul met die Heilige Gees en het hy die wil van God uitgevoer. Nou het God hom verlaat en moet hy sy toevlug tot bese geeste neem.

Genadiglik het God alreeds vir Dawid as sy opvolger gesalf. 'n Man na God se hart. Ons lees in hoofstukke 29 en 30 ook van Dawid se nood. Hy het die Here geraadpleeg. Die Here het hom geantwoord en uit sy nood gered. Dawid se koningskap wys heen na die volmaakte koningskap van Christus. In hoofstuk 29:6 hoor ons uit die mond van Akis 'n profetiese woord: *... het ek niks verkeerd by jou gevind nie, maar jy is nie aanvaarbaar vir die regeerders nie.* Woorde wat ons byna net so hoor in Lukas 23:4 en Johannes 18:36 ten opsigte van Jesus.

In hoofstuk 30 lees ons hoedat Dawid dié wat aan hom behoort, van die Amalekiete gered het en groot buit geneem het. Baie duidelik is hy hierin skadubeeld van Jesus Christus in sy reddende en volmaakte koningskap.

Hoofstuk 31 sluit af met die einde van Saul se tragiese lewe. Oor alles heen staan geskrywe: **God is Koning!** Ten spyte van die mense se sonde en onvolmaaktheid hanfhaaf God sy koningskap. Laat ons in alles net op die Here, ons Koning, vertrou en aan Hom gehoorsaam wees.

Sing: Psalm 48-1:1

Ds. P van Wyk (Pieter) (Bronkhorstspuit)